# DIE HOËRSKOOL DF MALAN

## VERPLIGTE VORM

Frans Conradierylaan Bellville 7530
Tel 021 948 8781 Faks 021 948 2996
Epos: admin@dfmalan.com

**VOLTOOI EN ONDERTEKEN DIE FINANSIËLE ONDERNEMING EN E-POS TERUG AAN DIE SKOOL VOOR OF OP 15 JANUARIE 2021**

**E-POS : admin@dfmalan.com**

**FINANSIËLE ONDERNEMING – 2021**

Aangegaan tussen Hoërskool DF Malan (hierna genoem die Skool) en die wettige ouer(s)/voog(de) van die ingeskrewe leerder(s):

| VOLLE NAAM EN VAN | GRAAD | VOLLE NAAM EN VAN | GRAAD |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |

Ek/ons bevestig hiermee dat ek/ons die wettige ouers/voogde van die bogenoemde leerder(s) is. Ek/ons onderneem om die terme en voorwaardes van die ooreenkoms na te kom.

### 1. VERPLIGTE SKOOLGELD

Die jaarlikse skoolgeld van R30 840.00 word aan die begin van die jaar gehef en kan oor 11 eweredige paaiemente maandeliks betaal word. Indien 'n rekening agterstallig raak, sal 'n finale kennisgewing van oorhandiging aan u as ouer(s) gestuur word via e-pos en / of pos. Geliewe kennis te neem dat in terme van bepaling 39 van die SA Skolewet 84 van 1996, is ouer(s) geregtig om aansoek te doen vir vrystelling of korting op die jaarlikse skoolfondsgeld, soos vervat in die "Aansoek om korting/vrystelling op skoolfonds". Hierdie is 'n vorm wat by die Finansiële Kantoor afgehaal moet word, aangesien u daarvoor moet teken.

### 2. DEBIETORDERBETALINGS

2.1 Ek/ons onderneem om binne die tydsverloopkeuse soos aangedui, 'n spesifieke datum ten opsigte van elke maand te bepaal waarop die debietorder deur die bank geprosesseer moet word. Ek/ons neem daarvan kennis dat die bankkoste vir 'n debietorder deur die skool gedra word, maar onderneem om in die geval van die weiering van 'n debietorder as gevolg van enige rede in my/ons bankrekening, verantwoordelikheid vir die betaling van die bankkoste te aanvaar. Die rekening sal dan as agterstallig hanteer word.
Wanneer enige aanpassing in skoolgeldfooie mag plaasvind, mag die skool my/ons debietorder dienooreenkomstig aanpas, op voorwaarde dat die skool my/ons vooraf skriftelik in kennis gestel het van die voorgenome aanpassing.

### 3. WETLIKE BEPALINGS

3.1 Volgens familiereg is ouers/voogde gesamentlik of afsonderlik aanspreeklik vir die betaling van skoolgeld, ongeag die huwelikstatus. Derhalwe kan skoolgeld op BEIDE ouers afgedwing word.
3.2 Kragtens Artikel 39 van die Suid-Afrikaanse Skolewet is albei partye aanspreeklik om verpligte skoolgeld te betaal.
3.3 Kragtens Artikel 40 en 41 van die Suid-Afrikaanse Skolewet mag die skool betaling van hierdie verpligte skoolgeld afdwing.
3.4 Skoolgeld mag nie aan skuldberaders vir skuldberading in terme van Seksie 129 van die Nasionale Kredietwet oorhandig word nie, aangesien skole uitgesluit is van die voorsiening wat gemaak is in die Nasionale Kredietwet.

- Ouers/voogde wat nie in staat is om die volle skoolgeld te betaal nie, mag op grond van hulle **gesamentlike bruto** inkomste (oortyd, kommissie, toelae ens.) kwalifiseer vir gedeeltelike of volle vrystelling van skoolgeldbetaling. BEIDE ouers van 'n leerder/s moet aansoek doen vir moontlike vrystelling. **Bewyse moet gelewer word indien een van die ouers nie bereikbaar is nie.**